SUIDWES
Fin

VAKATURE

Suidwesfin, die versekerings- en kredietverskaffingsdivisie van Suidwes, met bedryfspunte te Bothaville, Wolmaransstad, Vryburg, Schweizer-Reneke, Hoopstad en Christiana, beskik tans oor die volgende vakature:

SENIOR KLERK: KREDIETVERLENING

te

SUIDWESFIN: SCHWEIZER-RENEKE

DIE SUKSESVOLLE KANDIDAAT SE VERANTWOORDELIKHEDE SLUIT IN:

- Verwerking van produksiekredietaansoeke, lenings en die verifiëring van inligting.
- Die byhou van verslae en skedules ten opsigte van bogemelde.
- Opstel, invoer en rekordhouding van joernale vir rente, regskoste, ensovoorts.
- Hantering van telefoniese asook skriftelike navrae.
- Algemene kantooradministrasie en tikwerk.

VEREISTES:

- Graad 12 met Rekeningkunde.
- Rekenaarvaardigheid ten opsigte van die nuutste Office-sagtewarepakkette (veral Excel, Word en AS400).
- Toepaslike rekenkundige ondervinding in sekuriteite en kredietverlening.
- Moet goeie menseverhoudinge kan handhaaf.
- Ondervinding in 'n kredietomgewing sal in u guns tel.

Suidwes is verbind tot diensbillikheid.

Skakel Frank Voigt by 053 936 2145 vir meer besonderhede, of doen skriftelik aansoek deur middel van 'n verkorte CV (faksnommer 018 581 1510 of e-pos elrinavh@suidwes.co.za). Dui asseblief duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum vir 'n onderhoud genooi word nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2010

SUIDWESFIN (EDMS) BPK REGNO 1998/007714/07

Die Eerste Keuse